29 Jul

Uitgawe 2009/07/29

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Toe begin Hy vir hulle te sê: Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul. (**Luk.4:21**). In **Psalm 139:16** word genoem dat al ons dae reeds opgeteken staan nog voordat dit bestaan. God het die plan vir ons lewens. Dink net die impak wat ons op hierdie wêreld kan hê wanneer ons God se plan vir ons lewens uitleef. ***Hemelse Vader, help ons om U plan vir ons lewens uit te leef. Ons begeer om dit uit te leef wat U oor ons lewens opgeskryf het sodat diegene wat honger is vir U waarheid U kan leer ken.***

Deurbraak : Dogter genees in gebedskamer by die skool

*Charly was nie entoesiasties toe ek aanbied om vir haar te bid nie. Om eerlik te wees, sy was nie “entoesiasties” oor die 24-7 gebedskamer wat by haar skool opgerig is nie. Sy het verkies om op haar krukke te steun terwyl sy toegekyk het hoe haar mede klasmaats die gebedskamer verken. ‘n Perd het ‘n paar dae voor dit op haar voet getrap. Ek het haar gevra of ek vir haar voet kan bid en ook erken dat ek wel vir andere in die verlede gebid het wat nie genees was nie, maar dat ek nog steeds glo. Niks het op daardie oomblik gebeur nie, maar ek het die volgende boodskap op my selfoon ontvang van een van haar onderwysers: Hi Phil. Charly het LO bygewoon vandag. Sy het genoem dat die pyn in haar voet verdwyn het die dag toe jy gebid het. Toe sy die fraktuur kliniek gaan besoek het, was die fraktuur ook genees en hul het die verband afgehaal. Sy gebruik nog steeds die krukke, maar haar voet is beter. Een van die klasmaats het gevra of jy vir haar knieë kan bid!” (** naam verander*). ***Dank die Here dat Hy hierdie jong dame aangeraak het. Bid dat hierdie jongmense God se karakter sal leer ken soos hulle tyd in die gebedskamer deurbring.***

Bid vir jou gemeenskap : Misdaad nie ‘cool’

Leerlinge van die Hoërskool Silverton het die realiteit van tronklewe in die gesig gestaar toe hulle langs kriminele gestaan het – sommige hul eie ouderdom – wat tronkstraf uitdien vir oortredinge soos diefstal van sjokolade in ‘n winkel tot moord. Die boodskap van die gevangenes van die Sentraal-Pretoria tronk was duidelik: enige misdaad is nie *‘cool’* nie, maak nie saak hoe gering dit is nie en dit is wys om liewer ‘n uniform van voortreflikheid (skool uniform) as ‘n uniform van skande te dra. Die skool is een van baie in Gauteng wat verskeie fasiliteite van Korrektiewe Dienste besoek het as deel van ‘n anti-misdaad program. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=15&art_id=vn20090728074341554C356034, 28/07/09). ***Bid dat hierdie anti-misdaad program jongmense sal help om hul pad suiwer te hou. Bid dat die Here Sy liefde aan die gevangenes sal openbaar ek dat hulle sal sien dat Hy hul lewens gebruik om ‘n positiewe impak te maak op die jongmense.***

Suid-Afrika : Staking

Die staking van die munisipale werkers kos die regering byna R15 miljoen per dag. Hoe langer hierdie staking aanhou gaan hierdie koste die hoogtes laat inskiet. Duisende werkers het in die strate geprotesteer vir beter salarisse, en smouse lastig geval en vullisblikke uitgegooi. (Webruimte: http://www.fin24.com/articles/default/display_article.aspx?ArticleId=1518-25_2542686, 28/07/09). ***Bid asseblief dat hierdie situasie so gou moontlik opgelos sal word. Bid dat die regering wysheid aan die dag sal lê en dat hul die werkers sal kan voorsien van ‘n hoër inkomste in ‘n tyd van finansiële druk.***

Internasionaal : Tekort aan pastore

Ongeveer 7 000 kerkleiers word daagliks benodig vir die groeiende Kerk wêreldwyd, wat beteken dat 85% van die kerke gelei word deur mense wat nie formele onderrig in teologie of bediening ontvang het nie. Na beraming is dit ongeveer 3,2 miljoen pastore wat nie onderrig ontvang het nie in Afrika, Asië, Europa, en Latyns-Amerika. Baie kry minder as $40 per maand en het beperkte toegang tot hulpmiddels om te help in die bediening of hul studie in die Woord van God vir preke en onderrig. (Webruimte: http://www.equippastors.org/, 28/07/09). ***Bid vir diegene wat die Liggaam van Christus versorg, om ag te gee op die roeping van God en dat hulle Hom sal vertrou om in al hul behoeftes te voorsien. Bid dat die Heilige Gees diegene sal oplei wat nie toegang het tot materiaal nie.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com